

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 136 18 Mei 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Charismate is Fariseërs.

Die opskrif is opsigself reeds rede om die wenkbroue te lig. Die laaste vergelyking wat ons sou dink lewensvatbaar is, is om die vloeiende Charismatiese benadering met die rigiede godsdiens van die Fariseërs te vergelyk. Nie net oor die gaping in tyd nie, maar ook oor die vermeende gaping in denke. Daar is egter 'n reeks ooreenkomste wat genoem kan word.

Die leke-oorsprong van beide groepe val op. In die eksiliese en post-eksiliese tydperk het die fokus van baie Jode verskuif van die tempel na die Torah (Wet). Dit was omdat die tempel vernietig kan word, maar die Wet bly geld. Saam met die klemverskuiwing het dit gebeur dat mense buite die Leviete- en priesterordes kenners van die Wet geword het. Hulle het as "leke" wetsgeleerdes geword. Uit hierdie beweging het die Fariseërs as groepering ontstaan. Die tempel was wel vir hulle van simboliese waarde, maar die Wet en hulle uitgebreide interpretasies en toepassings was die belangrikste. In daardie tyd was "leke" diegene wat nie tot die priesterlike stam behoort het nie. Vandag se "leke" in hierdie konteks is dat die meeste van hierdie mense nie tersiêre opleiding het nie.

Dit is die benadering en houding van die twee groepe waar die eintlike ooreenkomste gevind gaan word. Enkele voorbeelde word aangebied.

Die Fariseërs was gesien as die progressiewe party wat oop was vir nuwe gedagtes; terwyl die Sadduseërs gesien is as diegene wat eng vasgehou het aan die Torah. Vandag hou Charismate hulself voor as die bevryde party wat gaan waar die Gees hulle vat terwyl Reformatore as verstar voorgestel word. Die kritiek rondom formele en stigtelike eredienste is 'n gewilde gesprekstema. Die feit dat hulle verval in hulle eie stel rituele wat gesien word as noodsaaklik, sien hulle gewoon nie raak nie - dit net terloops. Die ooreenkoms tussen Fariseërs en Charismate is met ander woorde dat beide partye kritiek teen die behoudendes gehad het. Die Fariseërs het kritiek gehad teen die streng rituele van die tempeldiens; terwyl hulle self in die sinagoges voorskrifte gehad het. Net so word die stigtelike erediens afgemaak in die ruimte waar daar ook duidelike voorskrifte en vereistes is.

Die Fariseërs het die Wet streng toegepas en het hulle interpretasies as bindend verstaan. Al was daardie interpretasies ruim toegepas, het hulle verval in 'n streng

legalisme.¹ Die Charismate is lief daarvoor om die woord "evangelies" in hulle naam in te werk of selfs hulself so te beskryf. In die VSA word hulle die "*Evangelicals*" genoem. Die Evangelie maak vry, of dit is veronderstel om dit te doen. Tog is dit hulle wat wetsgebonde is. Op 'n vreemde manier is die Pinkster groepering baie wetties in hulle benadering en aanbidding. Die Here het al ons sondes vergewe en daarmee saam die Wet tot vervulling uitgevoer. Tog is dit in die Pinkster groep kerke waar jy die absolute aandrag gaan hoor dat jy jou volle tiende moet gee, terug op Ou Testament manier. Dit lyk al asof die genade nogtans maak dat jy op 'n nuwe manier jou saligheid koop.

Jesus het aan die kruis gesterf en al ons skuld betaal. Al word Jesus baie genoem, is dit die Heilige Gees wat as die nuwe waarborg en instrument tot saligheid voorgehou word. Die waarborg word ook voorgeskryf; jy **moet** in **tale** kan praat, dit kan uitlê of mense genees. Fariseërs het hulle uitgebreide interpretasie van die Wet as bindend voorgehou, die Pinkster groepering hou hierdie geselekteerde gawes van die Gees op **anachronistiese** wyse as vereiste voor.

Die Fariseërs het God se Wet uitgebrei tot 613 wette wat gehoorsaam moes word. Die Charismate **brei ook** uit op God se opdrag. Jesus se opdrag was om mense te doop. Die Charismate voeg by die **ouderdom** waarop gedoop moet word, die **hoeveelheid** water wat daarby betrokke moet wees en ook die **manier** waarop die water met die mens moet kontak maak!

Ons moet self waak teen die wettisisme. Dit is tog interessant dat die Pinkster mense die meeste herinner aan Fariseërs.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

STEEDSHERVORMER-BYEENKOMS HARTENBOS 2 MEI

Die eerste van die beplande steeds-Hervormer byeenkomste het plaasgevind op Woensdag 2 Mei 2018 in Hartenbos. Daar is in Koersvas 135 oor die byeenkoms berig. Na aanleiding van terugvoer ontvang word sekere sake herhaal ter bevestiging van die feite soos ervaar.

Sekere feite het duidelik na vore gekom:

1. Daar is steeds behoefte aan steedsHervormer- byeenkomste om lidmate in te lig, toe te rus en saam te snoer.
2. Lidmate wat op hoogte van sake is, is ontnugter deur die nuwe vrysinnigheid wat te bespeur is in vele gemeentes en leraars se godsdiensoefening.
3. Lidmate wat protes aanteken, is nie meer welkom in sekere NHKA- gemeentes nie. Daar is selfs vir sommiges direk gestel dat hulle liefs moet wegbly!
4. Daar is 'n duidelike behoefte onder behoudende lidmate om gemeenskaplike byeenkomste en samesyn.
5. Lidmate word nie deur getalle gestuit nie. Die gedagte van 'n klein gemeente word positief ontvang.
6. Lidmate is bereid om ver te reis om deel van 'n behoudende gemeente te wees. Daar is besluit om daadwerklik te werk daarheen om 'n gemeente te stig. Die eerste **byeenkoms** is 'n bring en braai wat Saterdag **19 Mei 2018** in Oudshoorn gehou

¹ Oordrewe navolging van wette en reëls: Die Rigidisme lê op die snypunt van legalisme en perfeksionisme en hang meesal saam met 'n sterk

behoefte aan morele geborgenheid in 'n konkrete normestelsel - WAT

gaan word. Daar word ywerig op *whatsapp* geklets oor kuier, roosterkoeke en saamstaan.

Daar word ook sH byeenkomste beplan vir die Springbokvlakte (Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit-omgewing), Die Bosveld (Ellisras, Vaalwater, Botswana-grens) en die Laeveld (Phalaborwa, Tzaneen, Hoedspruit). Skakel gerus met dr. Otto vir meer inligting.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjie lyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

LEWENSBROOD 2019-2020

Daar word ywerig geskryf aan die dagstukkies vir ons volgende Lewensbrood. Die instuurdatum is om die draai. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Op ons beurt - ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd inruim om te skryf.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

BILTONG JAG R50 000

**Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!*



Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling •verhitte swembad •braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe •vries- en yskas •ysmasjien
- DSTV •skoonmakers •gitso •oplaai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jagpakket:

11-15 Julie 2018
Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagplaas
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke
- 1 x Rooihartebees

Koos per Kaartjie:

R60